**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**GESKIEDENIS VAN TEATER, KOSTUUM EN LITERATUUR SG (Eerste Vraestel: Geskiedenis van Teater en Kostuum)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 180**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord SEWE vrae: VIER vrae uit Afdeling A en DRIE vrae uit Afdeling B.
- Maak seker dat jou antwoorde korrek volgens die vraestel genommer word.
- Geniet die eksamen!

---

AFDELING A
**TEATERGESKIEDENIS**

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 1**
**BARNEY SIMON**

Skryf kort aantekeninge oor enige VYF van die volgende aspekte van Barney Simon se lewe en werk:

1.1 Simon en die Markteater

1.2 Werkswinkelteater

1.3 Invloed van Fugard op Simon

1.4 Simon se metodes as regisseur

1.5 Invloed van Grotowski op Simon

1.6 Simon se vroeë lewe 5x6=**[30]**

## VRAAG 2
## BASSON EN TEATERKOMPLEKSE

Marthinus Basson is al as ? "totale kunstenaar" beskryf. Die voorkoms van sy produksies was nog altyd deel van die totale betekenis daarvan.

2.1 Bespreek die belangrikheid van ontwerp in Marthinus Basson se werk. Verwys na spesifieke produksies as voorbeeld van hoe hy te werk gaan. (8)

2.2 Basson word soms daarvan beskuldig dat hy meer aandag aan visuele beelde bestee as aan die teks self. Stem jy saam met hierdie stelling vanuit jou studie van sy werk? Gee volledige redes vir jou antwoord. (10)

2.3 Basson het vir baie jare by die Nico Malan Teater (nou Artscape) gewerk. Dit is ? voorbeeld van ? teaterkompleks. Verduidelik wat ? **teaterkompleks** is en waarom jy dink dat Basson in so ? omgewing gefloreer het. (8)

2.4 Noem TWEE ander teaterkomplekse in Suid-Afrika en ook die stede waarin hulle voorkom. (4)

**[30]**

## VRAAG 3
## APPIA EN CRAIG

Beide Adolphe Appia en Edward Gordon-Craig het weggebreek van realisme met hul verhooginkleding en ontwerpuitvindings.

3.1 Verduidelik WAAROM hulle realisme as onbevredigend ervaar het en gee ? kort oorsig oor die filosofieë agter hul uitvindings in verhooginkleding en ontwerp. (12)

3.2 Bespreek Appia se idees rakende beligting en neem sy bydrae tot hierdie veld in ag. (10)

3.3 Bespreek Craig se idees rondom toneelontwerp en verhooginkleding. Neem ook in ag wat sy bydrae tot hierdie veld was. (8)

**[30]**

## VRAAG 4
## GROTOWSKI EN SCHECHNER

4.1 Grotowski se teater is op die konsep van **poor theatre** gebaseer. Bespreek hierdie konsep volledig en verwys na verhooginkleding asook die akteur se spel. (12)

4.2 Dink jy dat Schechner **poor theatre** beoefen het? Gee volledige redes vir jou antwoord met spesifieke voorbeelde uit sy produksies. (8)

4.3 Vergelyk hierdie twee teaterpraktisyns met betrekking tot hul benadering tot die gehoor en die posisionering van die gehoor binne ? ruimte. (10)

**[30]**

## VRAAG 5
## WAGNER, REINHARDT, MEYERHOLD

Beantwoord enige TWEE van die volgende vrae:

5.1 Wagner het tot groot uiterstes gegaan om volkome illusie in sy werk te skep. Veronderstel dat jy pas een van sy produksies bygewoon het.

Skryf ? brief aan ? vriend/in waarin jy al die aspekte van optrede, wat hy gekombineer het om illusie te verkry, in detail beskryf. Jy mag persoonlike opinies gee rakende die sukses van sy tegnieke, al dan nie. (15)

5.2 Veronderstel dat jy in ? Reinhardt produksie opgetree het. Maak ? joernaal-inskrywing waarin jy sy werksmetodes en verwagtinge van jou as akteur beskryf. Jy mag jou persoonlike opinie vanuit jou ervaring beskryf – waarvan het jy gehou ten opsigte van sy werksmetodes, en waarvan nie? (15)

5.3 Jy het vanaf Stanislavsky se teater na Meyerhold toe oorgekom en vind dat die verwagtinge van jou as akteur heeltemal verskil van wat jy voorheen ervaar het. Maak ? joernaalinskrywing waarin jy volledig die tipe opleiding beskryf wat jy ontvang. Gee ook Meyerhold se redes ten opsigte van sy benadering tot toneelspel. (15)

2x15=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [120]**

AFDELING B
**KOSTUUMGESKIEDENIS**

Beantwoord AL DRIE vrae in hierdie afdeling.

**"IT IS AMUSING TO OBSERVE IN EVERY AGE THE INGENUITY OF DRESS IN CHANGING THE HUMAN FIGURE." – HANNAH FARNHAM LEE**

**VRAAG 6**

Gee ? volledige beskrywing, met verwysing tot bogenoemde aanhaling, van hoe die Viktoriaanse periode te werk gegaan het om die menslike figuur te verander. Noem alle aspekte van kostuum wat die vroulike vorm beïnvloed het. **[20]**

**VRAAG 7**

Die Twintigste eeu het ook ? aantal modekeuses aanskou wat daarop gemik was om die menslike figuur te verander. Vergelyk enige TWEE dekades met betrekking tot hoe die kledingstukke die voorkoms van die draer verander het om dit modieus te laat voorkom. **[20]**

**VRAAG 8**

Ontwerpers is dikwels verantwoordelik vir die mees ekstreme keuses wanneer dit by die verandering van die menslike figuur kom. Kies EEN ontwerper wat jy as ? voorloper in die verband beskou. Ondersoek die loopbaan en hoofontwerpuitvindings. Fokus op die veranderinge wat gemaak is ten opsigte van die menslike liggaam. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [60]**

**TOTAAL: 180**

**EINDE**